
# 136 God het gespreek (Die Tien Gebooie)




Vereer dan geen gemaakte beelde, maak van My geen gelykenis;
maar dien My wat, alomteenwoordig, jou Skepper en Verlosser is.

Gebruik die heil’ge Naam nooit ydel - God is waaragtig in sy trou.
Hy sal die straf wat Hom belaster, die wat Hom liefhet, word behou.

Met wysheid het Hy rus en arbeid vir al sy skepsels beveel;
gedenk die rusdag, hou dit heilig - en jy sal in die seën deel.

Eer ouers en eer owerhede, God gee aan hulle die gesag,
en die belofte van die lewe dra jou en ook jou nageslag.

Jy mag nie doodslaan of jou wreek nie, maar liefde moet jou lewe rig.
Jy mag die egband nie verbreek nie, behou wat God in liefde stig.

Jy mag nie steel nie; laat jou werke ‘n danklied aan die Gewer bring.
Laat, deur die waarheid van jou woorde, die krag van egtheid wyer kring.

Die hart is setel van die lewe, maar laat hom ook so gou mislei.
Aanvaar in denke en begeerte die Gees van God se heerskappy.

Deur u volmaakte wet, o Here, ontdek ons steeds ons sondigheid;
u Gees bring ons die heil in Christus dat ons kan leef uit dankbaarheid.

Adriaan P. van der Colf (1933-2002) A.C. van Velden (1886-1954)